VAN ONS SUSTERS

Liewe Susters!

Dinsdag, DV die 5e Maart, die aand om **18.30**, vergader ons weer in ons saal. Dis 'n verrassingsaand met musiek en sang met 2 bekende Baritonne! Moet dit nie mis nie en kom deel in die vreugde en nostalgie.

Ons ruil ook nuus uit van die gemeente en andersins. Moet nie laat kom nie en, wees daar as jy 'n nuwe suster is - of 'n ou suster wat wil kom deel in die Susters se bedrywighede en om mekaar beter te leer ken. Na afloop van die programmetjie is daar nog iets te drinke en te ete. (Broeders is ook welkom, hoor, natuurlik!). Hoop om die susters van altyd - en nog meer daar te sien! *- Groete Hanlie Jordaan*

JAARLIKSE KERKKAMP

TEKEN ASSEBLIEF AAN IN U DAGBOEK

Nooitgedacht se kampterrein is bespreek vir die naweek van 11-12 Oktober 2019.

Teken hierdie datum met groot letters aan in jou dagboek.

GKSA BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

- Ds GP Meijer (Gerben) van Vryburg/Schweizer Reneke na Hendrina/Carolina-kombinasie
- Ds PJ Venter (Petrus) van Pretoria na Postmasburg

Beroep aanvaar

- Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
15 Maart 2019

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
R 25 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Susters van wyke E3 en E4 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 35, nr 8 Sondag 3 Maart 2019
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: Wyk A4 **Kobus Havenga,** A5 is **Johan du Plessis** diakens wyke A4 **Rudy van der Spoel** en A5 **Ruan van Heerden.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke E3 en E4. Susters is **Saartjie Badenhorst en Mossie Kroep**. Susters van die wyke word gevra om te help.
Bussiediens: Vandag ry **Naldo Kent** 071 511 7091
Sondag **10 Maart** ry **Willem van Heerden** 076 450 0652

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: **Skrifgedeelte:** Openbaring 2: 12 - 17
Fokusgedeelte: Openbaring 2: 14, 15
TEMA: ***Deur die Woord alleen sal die kerk oorwin***
SING: Vooraf: Skrifberyming 40: 1 - 6 (Tema 15 - 4)
Psalm 118: 1, 4; Psalm 126: 1, 2; Psalm 62: 1, 4; Psalm 46: 1, 5, 6

AAND: Skrifgedeelte: Lukas 22: 31-62
Fokusgedeelte: Lukas 22: 32,61
Dordtse Leerreëls 5: 4, 5
TEMA: ***Gelowiges se sondige natuur kan soms die oorhand oor hulle kry, maar dit kan die genade van God nooit oorwin nie.***
SING: Psalm 96: 1 – 3; Psalm 59: 1, 2;
Psalm 16: 1, 4, 6

Jongmense KOM!!!!
Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Kom kuier saam.

Dagboek
5 Mrt: **18:30 Susters vergader in saal**
15 Mrt: **Gemeente-aand Hamburgerbraai**
Skole sluit
20 Mrt: **NWU sluit**

LIEF EN LEED

Kobus Havenga 082 290 2279 het Woensdag 'n hartomleidingsoperasie ondergaan in Die Wilgers hospitaal in Pretoria. Ons is dankbaar dat die operasie suksesvol was. Ons dra vir hom en Marietjie aan die Here se troue sorg op.

Ons is baie dankbaar saam met **Gert Kruger** 072 314 5534 wat pas 'n PhD graad behaal het in elektroniese ingenieurswese. Ons is as gemeente saam met hom bly en wens hom saam met sy ouers, Gert en Minke, hartlik geluk.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir **Expando.**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Teologiese Studentebehuising**

KATEGESE
Vanoggend moet julle **Les 6** en **Psalm 105: 2** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei.* Hoofstuk 73.
Volgende Sondag moet julle **Les 7** en **Psalm 105: 5** leer.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.

BYBELSTUDIES
Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 24 Februarie 2019 was R 5 780.
Die kollekte ten bate van **Expando** was R 2 320.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat help om ons blikkieskos aan te vul. Die koskas van die Diakonie het 'n welkome inspuiting gekry toe Nico Spaumer namens die Potchefstroom Rotariërs 'n tiental voedselpakkette afgelewer het. *Baie dankie, dit word baie waardeer.*

Veertig jaar in die wildernis. 4 Voor die bou van die ark. *Ita Schulze*

Seshonderd-duisend mans het uit Egipte getrek en saam met hulle hulle vroue en slawe en kinders en mense van gemengde bloed. Dit was so ongeveer twee-en-half tot drie miljoen mense. Hulle het al die besittings wat hulle kon dra, saamgeneem en geloop. Hulle het klere, beddegoed, kos, tente en ook nog hulle vee, skape, bokke en hoenders saamgeneem. Dit was 'n baie swaar, stadige en moeisame tog.

Satelietfoto van die Eksodusland Sinai skiereiland.

Exodus 13:18, *'En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek.'* Omdat hulle nie op die *'Pad van die Filistyne*' getrek het nie maar deur die woestyn gegaan het, het hulle deur die Wadi Watir getrek.

Voorbeeld van Wadi Watir.

'n Wadi is 'n ravyn, 'n nou kloof met hoë skerp rande.

Númeri 33:8 *'En hulle het van Pi-Hágirot af opgebreek en dwarsdeur die see gegaan na die woestyn toe…en laer opgeslaan in Mara.'* Hulle het vir drie dae geen water gevind nie. En toe hulle by Mara kom vind hulle water maar die water was so bitter dat hulle dit glad nie kon drink nie. Moses het op bevel van die HERE 'n stuk hout in die water gegooi en die bitter het weggegaan en hulle kon dit drink. Die woord *'dwarsdeur'* is 'n sterk woord wat die dringende swaar beweging van die trekkers beklemtoon. Dit word verder versterk deurdat hulle **deur** die see tot in die woestyn getrek het. Farao het die Israeliete agtervolg met ses-honderd van sy beste strydkarre en al die ander strydwaens van Egipte met sy beste soldate op elke kar. En God het sy volk deur die see gelei en die Egiptenare daarin laat verdrink.



← *Eksodusroete*

Eksodus 14 vanaf vers 16.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens elke doop- en belydende lidmaat wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met sy/haar verjaardag:

3 Maart **Banie Boneschans,** Kromstraat 13, ☎ 082 568 4414. Wyk A2
Frieda Theron, Nieuwestraat 11, ☎ 078 324 5267. Wyk E1

4 Maart **Loffie Eloff,** Morimerstraat 3, ☎ 082 798 5635. Wyk E3
Flippie Opperman, Huis Eikelaan S27, ☎ 084 209 3047. Wyk C2
Jannie Snyman, Huis Eikelaan TB 608, ☎082 589 3824. Wyk C1

5 Maart **Andries de Klerk,** Adrianahof 106, ☎ 084 440 1661. Wyk A1
Hessel Turkstra, Huis Eikelaan Versorging, ☎ 073 486 9995. Wyk C1

6 Maart **Tom Chambers,** Vegkoppiestraat 13, ☎ 071 644 4423. Wyk E3

9 Maart` **Gert Kruger,** Berts Bricksweg 55
Elizna Mulder, Dameskoshuis Dinki 13B, ☎ 083 706 6002. Wyk D2

ATTESTAAT

Met attestaat vertrek na die Gereformeerde Kerk Pretoria-Magalieskruin **Frederik Christoffel Pelser.**
Hierdie lidmaat is die vader van Magda Pelser-van der Merwe en Ina Pelser. Hy was baie jare lidmaat in ons gemeente, en was ook ouderling. *Ons wens hom seënwense toe.*

Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van prof **Tjaart van der Walt**, emerituspredikant van GK Wapadrant, op 22 Februarie 2019.
Die begrafnisreëlings is soos volg:
By die graf – **Maandag 4 Maart 2019** om 10:30 – Potchefstroom Begraafplaas (ou begraafplaas).
Troosdiens – GK Potchefstroom-Die Bult om 11:30 –
Adres van kerkgebou: H/v Molen- en Borcherdstraat, Potchefstroom.

♫♫♫